basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## REKENINGKUNDE

## MODEL 2013

## MEMORANDUM

**PUNTE: 300**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering word toegepas nie.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon is, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punte toe te ken. Indien geen + of –-teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, mag deelpunte toegeken word om tussen die kwaliteit van die kandidate se antwoorde te differensieer.
6. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as finale negatiewe syfer getoon word nie.
7. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek voor die punt toegeken word.
8. Wanneer metodepunte toegeken word maak seker dat die kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie.

**Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.**

## VRAAG 1

1.1 **Bereken die BTW-bedrag verskuldig aan SAID aan die einde van Junie 2013.**

| | |
|---|---|
| KOJ | ✓✓ 197 820 |
| KBJ | ✓ –173 880 |
| DJ | ✓✓ +73 290 |
| DAJ | ✓ –10 395 |
| KJ | ✓ –87 255 |
| KAJ | ✓ +10 815 |
| Oninbare skulde | ✓✓ –840 |
| Onttrekkings | ✓✓ +1 890 |
| | ✓ 11 445 |

**13**

1.2

### GROOTBOEK VAN DURBANSE VEERPYLTJIEKLUB
### LEDEGELD

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 Jan | 1 | Opgelope inkomste | ✓ 3 150 | 2012 Jan | 1 | Vooruitontvange inkomste | ✓ 1 750 |
| Des | 31 | Vooruitontvange inkomste ✓ | ✓ 1 400 | Des | 31 | Bank ✓ | ✓ 31 500 |
| | | Inkomste en uitgawe✓ | ✓ 31 150 | | | Ledegeld afgeskryf ✓ | ✓ 1 050 |
| | | | | | | Opgelope inkomste✓ | ✓ 1 400 |
| | | | | | | | |
| | | | 35 700 | | | | 35 700 |

**12**

1.3.1 **Noem die veranderinge wat Max Handelaars in die Krediteuregrootboekrekening van Boo Groothandelaars sal aanbring om by die korrekte saldo uit te kom.**

| | |
|---|---|
| **Saldo volgens Krediteuregrootboek** | **24 880** |
| Regstelling op Debietnota 40 | ✓✓ +180 |
| Regstelling op Debietnota 48 | ✓✓ –70 |
| | |
| **Korrekte saldo** | ✓ 24 990 |

**5**

1.3.2 **Stel die Krediteurerekonsiliasiestaat op 31 Mei 2013 op.**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Saldo volgens rekeningstaat | ✓ 25 360 | |
| Regstelling van Faktuur 164 | ✓✓ 5 600 | |
| Regstelling van Faktuur 175 | | ✓✓10 400 |
| Debietnota 48 nie geboekstaaf | | ✓✓ 670 |
| Faktuur 182 nie geboekstaaf | ✓✓ 5 100 | |
| Saldo volgens Krediteure-grootboekrekening | | ☑ 24 990 |
| | | |
| | 36 060 | 36 060 |

**OF ENKELKOLOMMETODE:**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo volgens rekeningstaat | ✓ 25 360 | |
| Regstelling van Faktuur 164 | ✓✓ +5 600 | |
| Regstelling van Faktuur 175 | ✓✓ –10 400 | |
| Debietnota 48 nie geboekstaaf | ✓✓ –670 | |
| Faktuur 182 nie geboekstaaf | ✓✓ 5 100 | |
| Saldo volgens Krediteure grootboekrekening | ☑ 24 990 | |

**10**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 2

2.1 **Kies die DRIE VASTE KOSTE uit die lys van koste hieronder.**

| | |
|---|---|
| Vaste koste 1 | Salaris: Fabrieksvoorman ✓ |
| Vaste koste 2 | Fabriekshuur ✓ |
| Vaste koste 3 | Salaris: Rekenmeester ✓ |

**3**

2.2.1

**GRONDSTOFVOORRAADREKENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 Mrt | 1 | Saldo a/b | ✓ 80 000 | 2013 Feb | 28 | Grondstof uitgereik ✓ | ✓ 155 500 |
| 2013 Feb | 28 | Bank ✓ (120 000+ 10 500) | ✓✓130 500 | | | Saldo o/b | ✓ 55 000 |
| | | | | | | | |
| | | | 210 500 | | | | 210 500 |
| 2013 Mrt | 1 | Saldo a/b | ☑ 55 000 | | | | |

**8**

2.2.2

**GOEDERE-IN-BEWERKING-VOORRAADREKENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 Mrt | 1 | Saldo | ✓ 25 000 | 2013 Feb | 28 | Klaarprodukte-voorraad✓ | ☑ 1 032 150 |
| 2013 Feb | 28 | Direkte arbeidskoste ✓ | ✓ 550 000 | | | Saldo | ✓ 40 000 |
| | | Direkte materiaalkoste ✓ | ☑ 155 500 | | | | |
| | | Fabrieksbokoste ✓ | ☑ 341 650 | | | | |
| | | | sien 2.2.3 | | | | |
| | | | 1 072 150 | | | | 1 072 150 |
| 2013 Mrt | 1 | Saldo | ✓ 40 000 | | | | |

**11**

2.2.3

**FABRIEKSBOKOSTE**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 Feb | 28 | Water en Elektrisiteit (27 000 x ⅔) | ✓✓ 18 000 | 2012 Feb | 28 | Goedere-in-bewerkingvoorraad ✓ | ☑ 341 650 |
| | | Huur (39 600 x ⅔) | ✓✓ 46 400 | | | | |
| | | Indirekte materiaal (7 500 ✓ + 22 300 ✓ + 700 ✓ – 5 300 ✓ = R25 200 x ¾ ✓) | ✓ 18 900 | | | | |
| | | Fabrieksvoorman se salaris | ✓ 120 000 | | | | |
| | | Skoonmaker se loon (37 800 x 75%) | ✓✓ 28 350 | | | | |
| | | Diverse uitgawes | ✓ 110 000 | | | | |
| | | | 341 650 | | | | 341 650 |
| | | | | | | | |

**16**

2.3.1 **Gebruik die syfers wat jy in VRAAG 2.2.3 bereken het om die eenheidskoste van produksie van 'n 1 kg-pak katkos te bereken. Toon jou bewerkings.**

R1 032 150 ☑ /50 000 pakkies ✓ = R20,64 ☑

**3**

2.3.2 **Bereken die gelykbreekpunt. Toon jou bewerkings.**

✓✓

$$\frac{841\ 200}{41{,}28 - 19{,}17} = 38\ 046$$

(841 200 ✓✓; 41,28 ✓ – 19,17 ✓; 38 046 ✓)

**5**

2.3.3 **Verduidelik watter raad jy aan die eienaars sal gee oor die voorstel wat gedurende die bestuursvergadering bespreek sal word. Verduidelik TWEE punte.**

*Twee geldige punte:* ✓✓ ✓✓

*Moontlike antwoorde*

- Alhoewel dit die koste per pakkie sal afbring en die gelykbreekpunt sal verminder, is dit oneties om dit te doen.
- Verbruikers sal dit agterkom en na mededingers se produkte skuif.
- Ondersoek eerder ander strategieë, bv. verseker dat werkers meer doeltreffend werk (beter opleiding); onderhandel vir beter grondstofpryse; verseker dat daar geen vermorsing van grondstowwe is nie.

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

## VRAAG 3

## KAYDEE WINKELS
## NOTAS TOT FINANSIËLE STATE

### 3.1.1 VASTE BATES

| | Grond en Geboue | Toerusting |
|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van die jaar | 2 296 920 | **340 000** |
| Kosprys (2 465 920 – 169 000) | ✓ 2 296 920 | **620 000** |
| Opgehoopte waardevermindering | - | **(280 000)** |
| | | |
| Bewegings | | |
| Byvoegings teen kosprys | ✓ 140 000 | |
| Vervreemdings teen drawaarde | | ✓✓ (6 000) |
| Waardevermindering vir die jaar<br>(T: 120 400 ✓ + 3 000 ✓✓)<br>bewerking indien een deel korrek | | ☑ (123 400) |
| | | |
| Drawaarde aan die einde van die jaar bewerking | 2 436 920 | ☑ 210 600 |
| Kosprys | ✓ 2 436 920 | ✓ 602 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | - | ✓✓ (391 400) |

| |
|---|
| 13 |

## 3.1.2 **PRIVAAT REKENINGE**

| | Kay | Dean |
|---|---|---|
| Netto wins soos per Inkomstestaat<br>beide kolomme ☑ | 480 000 | 540 000 |
| Vennote se salarisse | ✓ 240 000 | ✓ 240 000 |
| Rente op kapitaal | ✓ 180 000 | ✓✓ 105 000 |
| Vennote se bonusse | - | ✓ 175 000 |
| Primêre verdeling van wins bewerking | ☑ 420 000 | ☑ 520 000 |
| Finale verdeling van wins | ✓✓ 60 000 | ✓✓ 20 000 |
| Onttrekkings vir die jaar<br>K:270 000 ✓ + 32 000 ✓ | ✓ (302 000) | ✓ (320 000) |
| Behoue inkomste vir die jaar<br>bewerking, beide kolomme ☑ | 178 000 | 220 000 |
| Saldo aan die begin van die jaar | ✓ (55 000) | ✓ 160 000 |
| Saldo aan die einde van die jaar bewerking | ☑ 123 000 | ☑ 380 000 |

**22**

## 3.2 KAYDEE WINKELS
## BALANSSTAAT SOOS OP 28 FEBRUARIE 2013

Balansstaattotale hoef nie ooreen te stem om metodepunt vir totale te verdien nie

| | | |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** bewerking indien een deel korrek | ☑ | 3 437 520 |
| ✓ Vaste bates kontroleer redelikheid sien 3.2.1 | ☑ | 2 647 520 |
| ✓ Finansiële bates (850 000 - 60 000 ) | ✓✓ | 790 000 |
| **6** | | |
| **Bedryfsbates** bewerking indien een deel korrek | ☑ | 851 480 |
| ✓ Voorrade (695 130 ✓ - 32 000 ✓) | ✓ | 663 130 |
| ✓ Handels- en ander ontvangbare bedrae bewerking indien een deel korrek (128 000 ✓ – 6 000 ✓ – (12 500 ✓– 5 180 ✓) + 11 670 ✓ | ☑ | 126 350 |
| ✓ Kontant en kontantekwivalente (60 000 ✓ + 2 000 ✓) bewerking indien een deel korrek | ☑ | 62 000 |
| | | |
| **TOTALE BATES** bewerking | ☑ | 4 289 000 |
| **17** | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Eienaarsbelang** bewerking indien een deel korrek | ☑ | 3 503 000 |
| Kapitaal | ✓ | 3 000 000 |
| Privaat rekeninge kontroleer redelikheid sien 3.2.2 | ☑ | 503 000 |
| **3** | | |
| **Nie-bedryfslaste** | | 388 125 |
| Lening: Goodwill Bank (430 000 ✓ + 78 125 ✓ – 120 000 ✓) bewerking indien een deel korrek | ☑ | 388 125 |
| **4** | | |
| **Bedryfslaste** bewerking indien een deel korrek | ☑ | 397 875 |
| ✓ Handels- en ander betaalbare bedra bewerking indien een deel korrek (244 375 ✓ + 12 200 ✓ + 6 600 ✓ + 7 400 ✓✓) | ☑ | 270 575 |
| ✓ Oortrokke bank (9 800 ✓ – 2 500 ✓) | ✓ | 7 300 |
| ✓ Korttermyngedeelte van lening **15** | ✓ | 120 000 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** bewerking | ☑ | 4 289 000 |

| |
|---|
| |
| **45** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **80** |

## VRAAG 4

4.1

| | |
|---|---|
| 4.1.1 | D ✓ |
| 4.1.2 | C ✓ |
| 4.1.3 | A ✓ |
| 4.1.4 | E ✓ |
| 4.1.5 | B ✓ |

**5**

4.2.1 **Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2013:**

**(a) Vuurproefverhouding**

(1 320 000 ✓ – 920 000 ✓) : 440 000 ✓ = 400 000 : 440 000 = 0,9 : 1 ✓

**(b) Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn**

$\frac{½(280\ 000 + 130\ 000)}{(60\% \times 3\ 900\ 000)} \times \frac{365}{1} = \frac{205\ 000}{2\ 340\ 000}$ ✓✓ / ✓✓ $\times \frac{365}{1} = 32{,}0$ dae ✓

**(c) Skuld-ekwiteitsverhouding**

900 000 ✓ : 2 110 000 ✓ = 0,4 : 1 ✓

**(d) Bedryfsuitgawes op verkope**

$\frac{680\ 000}{3\ 900\ 000} \times \frac{100}{1} = 17{,}4\%$ (680 000 ✓; 3 900 000 ✓; 17,4% ✓)

**(e) % opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang**

$\frac{603\ 000}{½\ (2\ 110\ 000 + 1\ 940\ 000)} \times \frac{100}{1}$

$= \frac{603\ 000}{2\ 025\ 000} \times \frac{100}{1}$ (603 000 ✓; 2 025 000 ✓✓)

= 29,8% ✓

**19**

4.2.2

**Die vennote is tevrede met die manier waarop hulle die bedryfsuitgawes in 2013 beheer het. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om hulle mening te staaf.**

*Verwagte antwoorde*: Enige twee antwoorde ✓✓ ✓✓

- Al het die bedryfsuitgawes met R20 000 toegeneem (vanaf R660 000 tot R680 000), het die verkope met R700 000 toegeneem (vanaf R3,2m tot R3,9m).
- Die % bedryfsuitgawes op verkope het vanaf 20,6% tot 17,4% afgeneem wat aandui dat die bedryfsuitgawes goed beheer was, as jy die toename in klante in aanmerking neem.
- Die % bedryfswins het vanaf 16,9% tot 18,5% verbeter wat aandui dat die goeie beheer oor uitgawes tot 'n verbeterde netto wins gelei het (die onderneming verdien nou 18,5c in elke R1,00 van verkope teenoor 16,9c in die vorige jaar.

**4**

4.2.3

**Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2013. Haal finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om jou antwoord te staaf. Noem VYF punte.**

*Verwagte antwoorde*: Enige vyf antwoorde ✓✓ ✓✓ ✓✓ ✓✓ ✓✓

- Die bedryfsverhouding het vanaf 1,6: 1 tot 2,9 : 1 toegeneem. Dit is nou te hoog aangesien dit vermorsing is om soveel bedryfsbates aan te hou wat nie 'n opbrengs verdien nie.
- Die vuurproefverhouding is teen 0,9 : 1 vir beide jare behou wat aandui dat die besigheid, 'n klerewinkel, suksesvol teen hierdie vlak bedryf kan word. Maar die groot verskil tussen die bedryfsverhouding en die vuurproefverhouding dui aan dat hoë voorraadvlakke 'n probleem is. Die besigheid moet probeer om voorraadvlakke teen 'n meer doeltreffende vlak te hou.
- Die voorraadomsetsnelheid is vanaf 9 keer per jaar tot 4 keer per jaar verminder wat aandui dat daar te veel voorraad voorhande is, wat hulle dalk nie sal verkoop nie. Die voorraadvlak het vanaf 44 dae tot 84 dae gestyg (voorraad het van R230 000 tot R920 000 gestyg).
- Die debiteure vereffen hulle rekeninge redelik goed, binne 32 dae teenoor 30,4 dae in die vorige jaar. Die besigheid moet verseker dat dit binne die normale kredietterme van 30 dae bly.
- Die krediteurebetalingstydperk het vanaf 22 dae tot 32 dae gestyg wat dieselfde as die debiteure-invorderingstydperk is. Die besigheid moet egter verseker dat dit ook na minder as 30 dae gebring word om die verskaffers gelukkig te hou.

**10**

4.2.4

**Die vennote het gedink dat dit 'n goeie idee sou wees om meer lenings in 2013 te gebruik. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om hul mening te staaf. Wat het hulle gedoen met die geld wat hulle geleen het, en hoe het dit die onderneming bevoordeel?**

*Verwagte antwoorde:*

- Die skuld-ekwiteitsverhouding het vanaf 0,1:1 tot 0,4:1 gestyg. Alhoewel dit 'n noemenswaardige styging is, is die besigheid nie in 'n gevaarlike posisie nie aangesien die ekwiteit steeds meer as dubbel die lenings is. ✓✓
- Die rentekoers op die lenings het nie gestyg nie en is steeds teen 13% wat laer is as die % opbrengs wat die besigheid verdien. ✓✓
- Hulle het 'n addisionele R700 000 geleen. ✓
- Die nie-bedryfsbates (vaste bates) het met R200 000 toegeneem wat die besigheid sal help om in die toekoms te groei. ✓✓
- Die voorraad het met R690 000 toegeneem, maar dit was nie nodig nie aangesien daar nou te veel voorraad voorhande is wat moontlik gou uit die mode sal gaan. ✓✓

| |
|---|
| |
| **9** |

4.2.5

**Lewer kommentaar op die % opbrengs wat die onderneming verdien het. Temba is baie tevrede met sy opbrengs, maar Jolene is teleurgesteld. Verduidelik waarom hulle so voel. Haal finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om jou antwoord te staaf.**

*Verwagte antwoorde:*

- Die % opbrengs op die besigheid het vanaf 26,4% tot 29,8% gestyg. Dit is noemenswaardig hoër as die opbrengs wat op alternatiewe beleggings, soos vaste deposito's of aandele, verdien kan word. ✓✓
- Temba se opbrengs het noemenswaardig gestyg vanaf 24% tot 38,1% wat baie meer is as alternatiewe beleggings. Dit is as gevolg van die styging in sy salaris van R60 000 en hy verdien nou ook 'n bonus van R83 000. ✓✓✓
- Jolene se opbrengs het vanaf 28,9% tot 23,1% gedaal. Sy sal hiermee teleurgesteld wees aangesien sy haar kapitaal met R200 000 verhoog het en haar kapitaalbydrae is nou dieselfde as Temba s'n en daar word aangeneem dat sy ook dieselfde ure as Temba werk, aangesien hul salarisse dieselfde is. ✓✓✓

| |
|---|
| |
| **8** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **55** |

## VRAAG 5

5.1 **Verduidelik EEN ooreenkoms tussen 'n Kontantbegroting en 'n Geprojekteerde Inkomstestaat:**

Geldige verduideliking ✓✓

Albei skat of projekteer syfers vir die toekoms (verwagte syfers).
Albei is belangrike vorme van interne beheer in 'n onderneming.

**Verduidelik EEN verskil tussen 'n Kontantbegroting en 'n Geprojekteerde Inkomstestaat:**

Geldige verduideliking ✓✓

Die Kontantbegroting toon die verwagte kontantontvangste en betalings
Die Geprojekteerde Inkomstestaat toon die verwagte inkomste, uitgawes en wins.

**4**

5.2 **Debiteure-invorderingskedule:**

| | **Krediet-verkope** | **Des 2013** | **Jan 2014** | **Feb 2014** |
|---|---|---|---|---|
| Sep 2013 | **30 000** | **2 100** | | |
| Okt 2013 | **40 000** | **14 000** | **2 800** | |
| Nov 2013 | **40 000** | **12 000** | **14 000** | **2 800** |
| Des 2013 | 64 000✓ | 12 160✓✓ | 19 200✓✓ | 22 400✓✓ |
| Jan 2014 | **36 000** | | **6 840** | **10 800** |
| Feb 2014 | **36 000** | | | **6 840** |
| | bewerking ☑ | 40 260 | 42 840 | 42 840 |

**8**

5.3 **Identifiseer die syfers in die Kontantbegroting wat deur A tot H aangedui word.**

| | |
|---|---|
| **A =**<br>R538 ✓ | **E =** een deel korrek<br>R700/0,06 x 12 = R140 000 ✓✓☑ |
| **B =**<br>R26 798 ✓ | **F =**<br>96 000 x 100/160 = R60 000 ✓✓ |
| **C =**<br>R26 798 ☑ sien B hierbo | **G =** een deel korrek<br>R 19 200 ÷ 4 x 3 x 1,03 = R14 832 ✓✓☑ |
| **D =**<br>33⅓% x R96 000 = R32 000 ✓✓ | **H =**<br>R900 x 1,1 x 1,1 = R1 089 ✓✓ |

**15**

5.4 **Hoekom sal die werkers so voel? Noem TWEE punte.**

*Enige twee geldige punte, bv.* ✓✓ ✓✓

- Hulle salarisse het met slegs 3% gestyg wat nie met inflasie ooreenstem nie
- Hulle sal harder of langer ure moet werk aangesien een werker nie vervang is nie
- Hulle het oor die Desember tydperk sonder 'n breuk gewerk en hulle kan dalk voel dat hulle nie waardeer word nie.

**Wat kan Wesley vir hulle sê om die probleem op te los? Noem EEN punt.**

*Enige een geldige punt, bv.* ✓✓

- Hy kan noem dat hy hulle salarisse later in die jaar sal hersien en later 'n verdere verhoging of 'n bonus sal gee, indien verkope styg
- Die kontantvloei van die besigheid is onder stres want hy het die lening vergroot
- Hulle moet verstaan dat die besigheid dit nie kan bekostig om 'n groot verhoging te gee nie; indien die besigheid meer uitgawes aangaan, sal dit dalk moet toemaak en in daardie geval kan hulle almal hulle werk verloor.

**6**

5.5 **Na jou mening, beheer Wesley die invordering van sy debiteure goed? Verduidelik, deur syfers aan te haal om jou mening te staaf.**

*Verwagte antwoord*:

Nee, want hulle behoort almal hulle skuld binne 30 dae te vereffen. Slegs 50% van hulle doen dit. 8% van hulle betaal glad nie en word afgeskryf. Miskien moet hy nie net 'n 5%-korting gee indien hulle binne 30 dae betaal nie (nie in die huidige maand nie) om stadige betalers aan te moedig om hulle skuld in die maand na die transaksie te betaal.

Uitstekende antwoord = 3 punte; Goed = 2; Bevredigend = 1; Foutief = 0.

**3**

5.6 **Lewer kommentaar op Huurinkomste en gee Wesley raad oor EEN punt.**

*Enige geldige antwoord, bv.* ✓✓
Wesley behoort teleurgesteld te wees aangesien hierdie bedrag R6 000 onder begroting is. Hy moet ondersoek instel oor waarom dit so is. Dit is moontlik dat die huurder nie betaal nie, of die huurder kon uitgetrek het. Wesley moet probeer om 'n meer betroubare huurder te kry.

**Lewer kommentaar op Telefoonuitgawes en gee Wesley raad oor EEN punt.**

*Enige geldige antwoord bv.* ✓✓
Hierdie uitgawe is R2 200 oor begroting. Wesley moet beter beheer uitoefen oor die gebruik van die telefoon. Hy kan kodes op die telefoon installeer om te kontroleer wie dit gebruik en werknemers vir persoonlike oproepe belas.

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 6

6.1.1

**GROOTBOEK VAN APLHA SKRYFBEHOEFTEWINKEL**
**FINALEREKENINGE-AFDELING**
**HANDELSREKENING** F1

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 Feb | 28 | Beginvoorraad | ✓ 245 000 | 2013 Feb | 28 | Verkope | ✓ 1 532 900 |
| | | Aankope (960 000 ✓– 26 000 ✓ – 6 300 ✓ +54 000 ✓ + 4 800 ✓) | ✓ 978 500 | | | Eindvoorraad | ✓ 302 000 |
| | | Vraggeld op aankope (35 000 ✓ + 4 800 ✓) | ✓ 39 800 | | | | |
| | | Doeanebelasting | ✓✓ 21 600 | | | | |
| | | Wins-en-verlies (Bruto wins) | ☑ 550 000 | | | | |
| | | | 1 834 900 | | | ***Besonderhede –1; Maks –3*** | 1 834 900 |

**15**

6.1.2 **Bereken die koste van verkope. Toon ALLE bewerkings.**

Sien 6.1.1 hierbo

✓ ☑ ☑ ☑ ✓ ✓

245 000 + 978 500 + 39 800 + 21 600 – 302 000 = R982 900

**6**

6.1.3 **Bereken die winsopslag-% bereik.**

$$\frac{550\,000\ ✓}{982\,900\ ✓} \times \frac{100}{1} = 56\%\ ✓$$

**3**

6.1.4 **Die besigheid mik vir 'n winsopslag-% van 65%. Gee TWEE moontlike redes waarom die werklike winsopslag-% van die beoogde winsopslag-% verskil.**

Enige twee geldige redes, bv.
✓ ✓

- Handelskortings aan klante gebied
- Diefstal van voorraad
- Foute in die prysvasstelling van voorraad

| |
|---|
| 2 |

6.2

| | Pete se winkel | Jack se winkel | Sam se winkel |
|---|---|---|---|
| **Probleem geïdentifiseer (met syfers)** | Identifiseer een probleem ✓<br>Syfers ✓<br><br>Inkomste van sy verkope is R1 000 kort. Behoort te wees:<br>R7,50 x 1 960 bottels = R14 700. | Identifiseer een probleem ✓<br>Syfers ✓<br><br>Sy eindvoorraad is 100 bottels kort.<br>Behoort te wees:<br>600 + 1 600 – 1 820 = 380 bottels. | Identifiseer een probleem ✓<br>Syfers ✓<br><br>Hy verkoop nie veel voorraad nie. Uit 1 300 bottels verskaf, is slegs 400 verkoop.<br><br>Miskien werk hy nie hard genoeg nie. Die bruto wins op 400 bottels is slegs R1 000 wat net sy loon dek. |
| **Voorgestelde oplossing van die probleem** | Een geldige oplossing ✓<br><br>Kontroleer sy interne beheer oor kontant. Kollekteer kontant op 'n daaglikse basis. Trek die R1 000 van sy loon af. | Een geldige oplossing ✓<br><br>Kontroleer sy interne beheer oor voorraad. Trek 100 x R5 = R500 van sy loon af. | Een geldige oplossing ✓<br><br>Kontroleer die winkel elke dag teen toevallige tye om te sien of Sam aan diens is.<br><br>Reik kleiner hoeveelhede voorraad aan die winkel uit.<br><br>Stel ondersoek in of die winkel na 'n ander plek toe moet skuif. |

| |
|---|
| 9 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

Kopiereg voorbehou